Psalm 27:8

SOEK MY AANGESIG

"What the church needs today is not more machinery or better, not new organizations or more and novel methods, but men and women whom the Holy Spirit can use – men and women of prayer, men and women mighty in prayer. The Holy Spirit does not flow through methods but men. He does not come on machinery, but on men. He does not anoint plans, but men – men and women of prayer"

E.M. Bounds.

Bid die volgende sake deur in die volgende 30 minute of dan tot waar jy kom.

Raak stil en vra die Heilige Gees om jou in hierdie volgende halfuur te lei: Vader, ek vra dat u Gees my vandag lei in my aanbidding tot U. Ek buig in totale afhanklikheid van die Heilige Gees – Gees van God, lei U my gees om met U te praat sodat hierdie aanbidding werklik Gees-tot-gees kommunikasie is. My siel en gees dors daarna om met U te praat en voor U te buig. Kom O Skeppergees, lei my in die volgende tyd van gebed asseblief.

1. SAAM MAAK ONS U NAAM GROOT (5 min)

Ons bid die Woord oor die Name van God

Vader: Abba Vader ek wil U Naam groot maak. Ek eer U as Adonai (God ons Regeerder) en as die Allerhoogste, Barmhartige en Genadige God. Ek roem U as ons Bergvesting en die Bron van alle standvastigheid en bemoediging. U is die Vader wat Hom ontferm oor ons, die Een wat wonders doen, die lewende God. U is Elohim die Een wat Uself as EK IS openbaar. U is El-Shaddai (die Algenoegsame; Die Een wat Bevredig). U is El Gibbor (Magtige God). Vader dankie dat ek U so mag ken en eer.

Seun: Here Jesus saam met Paulus (Filip 2:) bid ek dat *[6]U wat in die gestalte van God was, het U bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan U moes vasklem nie, [7]maar U het Uself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe U as mens verskyn het, [8]het U Uself verder verneder. U was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. [9]Daarom het God (die Vader) U ook tot die hoogste eer verhef en U die Naam gegee wat bo elke naam is, [10]sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemelen op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, [11]en elke tong sou erken:"Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader.* Dankie Here Jesus vir U voorbeeld, U gehoorsaamheid en U getrouheid. Dankie Here dat U uit liefde vir my vir die pad van die kruis gestap het en dat ek deur U nou vrede met God mag ervaar. U Here Jesus is die Alfa en die Omega - ek bely: U is die Christus die Seun van die lewende God, U is my Here en my God. U het gekom sodat U kinders die lewe mag ontvang, die lewe in oorvloed.

Heilige Gees U is die Helper, Advokaat, Bemoediger, Leidsman en die Here wat my onderrig in die waarheid. U is die Gees wat my onderrig, lei, oortuig en bemoedig om elke dag meer en meer soos Jesus te word. U is in my lewe en ek eer en verheerlik U.

Drie-Enige en Almagtige God – Vader, Seun en Heilige Gees, saam met die ander bidders in U gemeente vergader ons vandag om U Naam te verheerlik. U is die Skepper van die hemel en die aarde. Daar is niemand soos U, heilig en regverdig in al U weë nie. Ons onderwerp ons aan U gesag as die Koning van die heelal. Ons bid almal saam om U op die troon van ons harte te plaas en om U voor die wêreld te eer. In die woorde van ***Psalm 103*** *(Verwerk)bid ons: Here Ek loof U, met alles wat in my is. Ek besing U heilige Naam. Ek loof U Here want aan U liefde en goedheid is daar geen einde nie. Ek loof U*

want U is waardig om al die lof te ontvang, al die eer, al die heerlikheid en majesteit . [2]Ek loof U Here en vergeet nie een van U weldade nie. U weldade is so groot

2. SAAM IN VEROOTMOEDIGING: SONDEBELYDENIS EN TOEWYDING (5 min)

In die woorde van Psalm 51: *[3]Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid! [4]Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! [5]Ja, my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus. [6]Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë.*

- **Daarom bely ek nou my sonde voor U. Ek bely .....**

Here [7] ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het. [8]Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe. [9]Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. [10]Laat my weer blydskap en vreugde belewe... laat my weer jubel. [11]Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit! [12]Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig. [13]Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie!

- **O Gees van God ek is werklik jammer waar ek U deur my sonde bedroef het. Vergewe my asseblief.**

[14]Laat my weer die blydskap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien...[16]Red my van ondergang, o God, my Redder, dat ek kan jubel oor u verlossingsdaad. [17]Here, gee my die woorde om u lof te verkondig. [18]'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring; 'n brandoffer wil U nie hê nie. [19]Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.

DANKSEGGING: Here ek wil U ook loof want ek weet dat waar ek my sonde só bely ek ook kan uitroep: ***Psalm103:*** *[3]Dit is U wat al my sonde vergewe*, **- dankie Here vir die weldaad van vergifnis.** *Here U is [8]Barmhartig en genadig, lankmoedig en vol liefde. [9]U sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. [10]U handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie, [11]want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat U dien. [12]So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder U ons oortredinge van ons af.* **Dankie Here vir hierdie versekering. Help my om elke dag meer en meer soos Jesus te word in karakter en krag. Die karakter en die krag van die Liefde. Ek wy myself aan U en vra dat U dit deur my sal doen.** *Here, Dit is U wat al my siekte genees,* **- dankie dat deur U wonde daar vir my genesing bewerk is aan die kruis.** *Dit is U [4]wat my red van die graf -* **dankie dat U vir my in Christus die Ewige lewe versker het.** *Dit is U wat my met liefde en ontferming kroon*,**- dankie dat U so genadig is.** *Dit is U [5]wat my die goeie in oorvloed laat geniet,-* **dankie vir U goedheid.** *Dit is U wat my die jeugdige krag van die arend skenk.-* **dankie dat U krag my elke dag dra.**

3. Soek Sy aangesig namens ongeredde familie, vriende of individue (5 min)

1._____2. _____
3._____4. _____
5._____

Skryf die name neer (indien jy dit nog nie gedoen het nie). Bid vir hulle redding, dat die Here hulle sal seën (geestelik, sosiaal en emosioneel), en bid vir hulle fisieke behoeftes. Bid ook vir jou onmiddelike omgewing

waar jy bly en vra dat die Here al die Christene wat lou geword het in hulle geloof weer tot bekering sal vernuwe.

4. Soek Sy aangesig sodat Sy heerlikheid deur ons gemeente sigbaar sal word (5 min).

1. Ons bid vir ons ***gemeente:***
   - **Ons bid die Jabes gebed vir ons gemeente**: *" Here soos Jabes van ouds pleit ons: Stort U seën oor ons gemeente. Vergroot ons gemeente se grondgebied, hou U hand by ons en weerhou onheil van ons dat ons nie pyn ervaar of smart veroorsaak nie."*
   - **Heilige Gees ons bid vir wysheid in ons gemeente se strategiese beplanning**. Ons vra vir insig in hoe U wil hê dat ons gemeente ons visie ***Meer en meer soos Jesus***, sal uitleef. In besonder bid ons dat U sal lei rondom
     - ***geestelike groei*** (hoe ons moet beplan rondom selgroepe, bidgroepe en ander kleingroepe, asook enige ander saak ter sprake om kragtiger te kan groei.)
     - ***uitwendige groei (*** hoe ons inderdaad dissipels sal kan wees in die UAE sodat hierdie land bereik kan word met die evangelie van Jesus Christus. Hoe moet die strategie wees wat ons as gemeente moet volg om ander tot bekering te help lei, veral die SAkaners wat afgedwaal het)
     - ***verhoudingsgroei (*** hoe ons net sterker in ons verhoudings kan groei)
     - ***aanbiddingsgroei (*** om net meer en meer soos Jesus te word in elke faset van ons lewe)
     - Ons vra dat U sal lei in die opstel van die vraelys wat aan die gemeente uitgestuur gaan word.
     - Ons vra dat U die hele proses sal begelei en só bestuur dat elkeen wat deelneem duidelik onder U beheer sal optree.
   - **Ons bid ook dat U ons gemeente sal help met 'n groter plek om op Vrydae-oggende te aanbid**. Ons beleef die groei in Jebel Ali en pleit vir U wysheid, leiding en oopmaak van deure vir meer ruimte.
   - **Here Jesus ons bid ook vir Augustus Maand se 31 Dae gebed en die Bybelstudie oor *Secrets of the Vine*** van Bruce Wilkenson wat ons gemeente saam gaan deurwerk. Seën asseblief die voorbereiding. Ons vra dat elke lidmaat wat deelneem die vrugte sal lewer van Johannes 15.
   - **Here ons vra dat U ons sal help met die voorbereiding vir die 30 dae gebed vir die Moslems gedurende Ramadan**. Ons bid dat U die prediking en die dagstukkie voorbereiding sal seën en dat 'n baie groot getal lidmate sal deelneem.
   - **Heilige Gees ons bid vir U leiding met 25 Oktober se Familie-Saterdag met Elza Meyer en haar span.** Ons weet daar is baie vorobereiding, help ons daarmee asseblief. Maar veral bid ons dat lewens aangeraak sal word en harte sal verander. Ons bid dat U Elza kragtig sal gebruik as instrument om manne en vroue nader aan Jesus te bring. Ons bid ook vir die jeug wat deur Johan Smit bedien gaan word. Wil U ons help met die beplanning vir die jeug vir daardie dag. Wil U gee dat daar 'n groot klomp jongmense sal wees wat aangeraak sal word en sal verbind tot 'n lewe aan U.
   - **Vader ons bid vir Dr Alvin Vander Griend se besoek volgende jaar met ons gemeente se drie-jarige viering**. As dit U wil is dat Hy die naweek moet kom bevestig dit ook aan hom. Ons bid vir die seminaar ***Love to Pray*** wat hy sal kom aanbied en vra dat U dit ryklik sal seën.
   - **Hemel Vader ons bid vir elke bedieningspunt wat deel uitmaak van ons gemeente**: Ons dank U vir die groei oor die afgelope maande. Ons dank U Here vir elkeen wat help met die opstel van klank, die regskuif van stoele, die voorbereiding van die nagmaal, , die intersessors tydens en na die dienste en vir elke persoon wat help met die tee, koffie en verversings na die dienste. Dankie vir elke persoon wat betrokke is by die toerusting van ons jeug. Dankie Here dat U mense so gewillig maak.
   - **Here Jesus ons bid vir die eredienste wat elke naweek gehou word en in besonder eerskomende naweek. Ons bid en pleit**
     - Dat ons gemeente U Heerlikheid sal ervaar tydens eredienste

- Dat ons in Jebel sal kan begin met 'n orkes begeleiding en dat U vir ons menses al stuur om so te kan bedien.
- Dat ons mense 'n heilige eerbied en vrees vir U sal hê
- Dat die gemeente die draer en beskermer van die waarheid, 1Tim 3:14b, sal wees en dat die suiwer en ware Woord verkondig sal word en dat mense deur die Woord in hulle harte getref sal word en dat ons meer bekerings sal sien
- Dat daar eensgesindheid onder gemeentelede sal wees en gemeentelede mekaar sal aanvaar soos Christus ons ook aanvaar het, tot eer van God
- Dat gemeentelede mekaar sal respekteer, bemoedig en ondersteun
- Dat gemeentelede geestelik volwasse sal (word) wees
- **ook dat U 'n Engelstalige Erdiens deur ons in Mirdif of Sharjah sal vestig**. Ons weet daar is nie 'n Engelse kerk in Mirdif nie. Help dat ons hierdie bediening in September sal kan begin.

Vader ons bring ons gemeente se Gebedsbediening voor U aangesig:

- Ons dank U vir die L.I.G. – Huis bediening wat so goed gevestig het en ons bid dat U ons 'n Lewend In Gebed (L.I.G. – Huis) gemeente sal maak en hou. Ons vra dat U nog meer bidders sal opwek om U Koninkryk hier in die UAE deur gebed te help groei
- Ons bid dat ons gebedsendelinge sal wees en ons bid vir die sendelinge (Gerrit in Malawi en Charl in Morokko) vir die sendingwerk wat hulle onder die Moslems doen.
- Ons vra ook Here dat ons 24 Uur Gebedswag sal uitbrei en ons algaande by 'n 24/7 Gebedswag vir ons gemeente sal uitkom. Ons bid dat ander gemeentes by ons sal aansluit sodat daar uiteindelik elke dag 'n gemeente of gemeentes sal wees wat deel uit maak van 'n 24 uur van gebed 7 dae 'n week vir elke dag van die jaar in die UAE.
- Ons dank U Here vir die nagenoeg 60 bidders wat aan vandag se 24 uur deelneem.
- Ons bid vir meer gebedsgroepe wat gereelde weeklikse gebedsbyeenkomste hou van 19:00 – 21:00 eenmaal per week. Ons dank die Here vir die bestaande gebedsgroepe wat gereeld op Woensdagaande byeenkom en die nuwes wat intussen bygekom het.

Here Jesus ons bid vir *ons gemeente jeug.* Ons vra

- ***vir ons kinderkerk dienste***
  - leiding rondom die geestelike boodskap en kleingroep aktiwiteite wat gevolg word by die kinderkerk
  - dat elke kinderkerk 'n geestelike ervaring sal wees en dat die kinders werklik die vir U sal ontmoet en leef-Christene sal word
- ***dat ons gemeente jeug effektief bedien mag word*** en dat U ons genoegsame onderwysers sal gee om ons kinders toe te rus en ouers wat hulle kinders se opleiding sal ondersteun deur self by die kerk betrokke te bly. Ons bid
  - dat alle beplanning, volmaak binne GOD se wil sal wees
  - vir kragtige groei onder ons jeug en dat ons jeugbediening in Sharjah, Dubai, Abu Dhabi en Al Ain elke jongmens sal sal bereik
  - volhardende, volgehoue gebed waardeur die geestelike stryd vir die jeug gestry kan word en dat U Here ware bidders na vore sal laat kom
  - elke lid van die jeugbediening, vir hulle beskerming teen die strategiese planne van die vyand

Heilige Gees ons bid vir die uitbreiding van ons selgroepe en vra

- dat U die leiers sal gee wat ons selgroepe moet lei asook die harte van mense sal oopmaak om by selgroepe betrokke te raak. Ons vra

- dat U ons selgroepe sal gebruik as 'n evangelisasie middel om ander in te trek wat aan die kant staan of afvallig geraak het.

- **Ons bid dat ons gemeente meer en meer soos Jesus sal word in ons liefde** en die vrug van die Gees in Gal 5: [22]...*liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid,* [23]*nederigheid en selfbeheersing*, duidelik sigbaar sal wees.

1. Ons bid dat ***God se Eer die fokus*** van ons lewe sal word, wees en bly. Ons wil met ons lewe die eer van God soek in alles wat doen

2. Ons bid vir al ons ***ander gemeentes in die UAE en die kerk wêreldwyd***
   - Dat gemeentes herstel sal word as huise van gebed vir al die nasies (Jes.56:7; Matt.21:13)
   - Dat gemeentes die Groot Opdrag sal uitvoer – om die Evangelie aan alle nasies te bring (Matt.28:18-20)
   - Dat gemeentes die Groot Gebod sal uitleef – dat hulle na hul gemeenskap op relevante wyse sal uitreik met dade wat getuig van liefde en meegevoel (Matt.22:37-40)
   - Dat die Kerk Woord-getrou sal wees
   - Vir die herstel van verhoudings binne gemeentes en ook tussen plaaslike gemeentes waar daar verdeeldheid, trots, jalousie en na binne gerightehid bestaan.

5. Soek Sy aangesig vir persoonlike behoeftes (5 min)

1._____
2._____
3._____
4._____
5._____

6. Soek Sy aangesig deur te waak en te luister (5 min)

- Vra dat die Here nuwe dinge aan jou sal bekendmaak, dinge waarvan Hy wil hê jy bewus moet raak en op moet let.
- Vra dat Hy Sy wil en sy planne/strategieë aan jou sal bekendmaak. Vra Hom na die dinge wat op Sy hart is waarvoor Hy wil hê dat jy moet bid. Skryf neer (hou dagboek) wat jy van Hom hoor.
- Sluit af deur vir die volgende persoon wat bid in die volgende halfuur, aan die Here op te dra en te vra dat die Here hom/haar sal seen.
- Dank die Here vir die geleentheid om deel te kon neem aan die 24 uur van gebed.